**BRADS GRYSBROEKE**
Ons het so pas 'n klein besending broeke van hierdie bekende fabrikaat ontvang. So reg na u smaak. Kom kyk self.

**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
Langs C.S.V.-Boekhandel.

DIE
# Matie

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., en uitgegee deur die A.N.S.-Tak, Stellenbosch.

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL V, No. 10. VRYDAG, 25 MEI 1945. Prys 1d.

**BESTE DIENS**
vir
FIETSE, RADIO'S ENS.
is
nog verkrygbaar
**H. VILJOEN**
PLEINSTRAAT

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 MAR 1949
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY.

# V-DAG VIR MATIELAND

## Ons Dirigent Roep alle Maties en Oud Maties

Môre is dit die dag der dagen in die lewe van elke Matie. Môre sal alle oë oor die lengte en breedte van die Vaderland gevestig wees op Stellenbosch. Duisende Maties se aandag sal in spanning gevestig wees op ons. Laat ons môre opstaan en met onwrikbare wil en fiere trots die wêreld wys dat die Maties van 1945, trou aan die tradisionele boodskap van die verlede, daardie dinge wat heilig is vir ons, sal verdedig tot die seëvierende einde! Ons gaan hard en oop veg!

My beste wense aan alle Maties vir 'n aangename en „hoë" Intervarsity. Die manne op die veld sal hulle uiterste doen en sover dit die pawiljoen betref:

LUISTER MATIES! KOPSKOOT! UIT!

*Pierré Fourie.*

## NETBAL

Môreoggend om 10-uur speel ons netbalspan op die plaaslike netbalveld teen O.K.P. Die dames sal u morele ondersteuning waardeer.

## KAPENAARS BESOEK ONS WEER

### Waarom, Ou Ikey, Kom Jy Hierheen . . . ?

**Intervarsity is nie 'n tydskepping nie. Intervarsity kom met die reëlmatigheid van die seisoene. Onvermydelik bring dit dan ook dinge mee wat net hier pas en aan die dag sy identiteit verleen. Daar hierdie die eerste nuwe ou-Intervarsity van die nuwe koalisie van Ikeys is, geniet dit dan ook grootskaalse belangstelling.**

Dit is feitlik onnodig om hierdie artikel aan te vang met die gebruiklike hoof: „Intervarsity is weer hier . . . .!" en 'n paar dotjies daarna, asof die skrywer gewanhoop het aan gepaste woorde om aan 'n oorvolle gemoed uiting te gee, en nie beskik het oor 'n gewillige pen wat skilderend genoeg kon wees nie.

**DAARDIE GROOT GEVOEL**

Intervarsity is nie 'n spesifieke dag nie: dit is nie 'n geleentheid wat geskep word vir twee spanne om teen mekaar te bots asof alles wat lewe op die spel is nie. **Nee, dit is 'n stukkie ervaring, 'n gemoedstemming wat alleen psigoloë van die toekoms miskien sal kan verklaar.** Ons praat hier natuurlik van mense wat Intervarsity nie objektief benader nie, maar wel **streng subjektief.** En op hierdie groot dag sal ons Peet en Ikeys se Fanie die subjektiefste voel, hoewel laasgenoemde seker maar onaangenaam en ongelukkig sal voel. **Want vanjaar gaan die Maties weer toon dat Intervarsity en Intervarsity-oorwinnings ons ingeburgerde tradisies op hierdie plek is.**

Hierdie bespreking is egter nie 'n onderafdeling van die „Groot Brag" nie, maar bloot die uiting van die gevoel van iemand wat in hierdie Intervarsity die herlewing van iets nuuts sien, nl. **die ware atmosfeer wat die tradisionele ou Intervarsity meebring.**

**GELUKKIGE HELING**

Die Intervarsities van die afgelope twee jaar moes onvermydelik ly onder die reperkussies van abnormale omstandighede. En hoewel die stryd hier om beginsels gegaan het, voel ons dat ons met hierdie oplossing en skikking 'n nuwe mylpaal bereik het. Dit beteken vir Stellenbosch veel dat ons, ten spyte van stremming op ander gebiede, nogtans mekaar as sportmanne kan ontmoet, en aan mekaar kan gee herinnerings wat aan studentedae hulle glorie en kleur gee.

**KANSE! (?)**

Wat die vooruitsigte vir die wedstryd van môre betref, voel ons dat genoeg gesê is verderaan. **Ons manne toon 'n geesdrif en gees van samespel soos min en met die ondersteuning van die pawiljoen kan ons nie anders as optimisties oor die uitslag wees nie.**

**„WAAROM, OU IKEY......?"**

Natuurlik moet ons hierdie kolomme afsluit met 'n woord direk aan ons Ikeyteenstanders. **Ons heet hulle welkom** in die stad waarin elke Ikey sedert die dae van die eerste Ikey met bewing binnegekom het op die dag van Intervarsity. **As hulle opgewasse is vir die geweldige taak wat hulle wag, dwing hulle onwillekeurig ons bewondering af.** Ons voel egter dat die enigste gevoel aan ons kant simpatie sal wees, en dit is ons ook bereid om in ruime mate te gee aan iemand wat die stryd nie van die begin af gewonne gee nie, maar tog sy vernedering kom haal.

## DIE MATIEKAPTEIN AAN DIE WOORD

**„Die vorige twee Intervarsities sal deur ons altyd onthou word omdat dit kenmerkend was van alle Intervarsity-wedstryde. „Waar ons dan weer vanjaar met Ikeys te doen kry, is ons oortuig daarvan dat daar in dieselfde gees gespeel sal word,"** het Peet van der Walt verklaar toe ons hom genader het oor die vooruitsigte i.v.m. môre se wedstryd.

Hy het gesê dat hy en sy manne baie geleer het uit hulle vorige botsing van hierdie seisoen teen die Kapenaar, en het ons verseker dat hulle die tussentyd nuttig gebruik het en daardie foute reggemaak het.

**„Die eerste span is môre op volle sterkte en elke man weet wat van hom verwag word,"** het hy voorts gesê. „Daar bestaan geen twyfel dat die 15 manne die maroen met eer sal dra en ons nie teleur sal stel nie."

„Ek hoop dat almal die dag ten volle sal geniet en menige aangename herinneringe sal oorhou — selfs die Ikeys," het ons kaptein verklaar.



PEET VAN DER WALT—
die Maties het nog nooit Intervarsity verloor wanneer hy gespeel het nie!

## Die Ikeyman Gesels Ook Saam

Ons almal hier verwag 'n uitstekende inter-varsity. Ons is seker ons spanne sal julle wys waar Dawid die wortel gegrawe het. Dit ly ook geen twyfel dat julle beste op die pawiljoen ook nie goed genoeg sal wees nie.

So lank alles egter in 'n vriendskaplike gees verloop, sal ons nie omgee dat die Maties verloor nie.

Tot inter-varsity,

Die uwe,

*Arnim Koch,*
(Ikey-dirigent).

## WAAR EN WANNEER

### MÔRE SE SPORT

9. v.m.: Dames-hokkiewedstryde begin.

9.15 v.m.: Mans-hokkiewedstryde begin.

9.45 v.m.: Tokkelokke vs. Medici op die Van der Stel-veld.

9.45 v.m.: O.19: U.K. B vs. U.S. B. U.K. A vs. U.S. A.

10 v.m.: Netbal: U.S. vs. O.K.P.

10 v.m.: Hokkie (Dames): U.K. I vs. U.S. I. (Mans): U.K. II vs. U.S. II.

10.30 v.m.: Hokkie (Mans): U.K. I vs. U.S. I.

1.30 n.m.: Rugby (A-veld): U.K. III vs. U.S. III. (B-veld): U.K. IV vs. U.S. IV.

2.45 n.m.: U.K. II vs. U.S. II.

4 n.m.: U.K. I vs. U.S. I.

## Gawie Sê Sy Sê

Mnr. Gawie Rossouw, Voorsitter van die Intervarsity-komitee, het die volgende op sy hart:

„Te oordeel na die gehalte van die sang wat ons die afgelope week saans op Coetzenburg gehoor het, kan jy nie anders as jammer voel vir die arme Tweestam-geslag nie. Ikeys, sonskyn of reën, ons sal van alle kant af môre op julle toesak! Ons stemme is goed, ons manne is aan die brand en ons is lus vir julle!

„As ons maar van alles so seker kon wees as van môre se Intervarsity, sou ons lekker kon gaan lewe, sonder om te werk, as beroepswedders."

**Besoek DIE UITSPAN**
**Waar die atmosfeer rustig is, die bediening beleefd en flink, die spyse — vanaf 'n koppie koffie tot 'n volledige maaltyd — smaakvol aantreklik en goedkoop - - - - - -**
***DIE UITSPAN is 'n besoek werd!***

**BED-TOE!**
**en dit sonder**
**'N GOEIE BOEK?**

Voordat u vanaand gaan slaap, kom kyk na hierdie mooi Afrikaanse Boeke.

*SPEURVERHALE:*

WOLKE OOR DIE MAAN — P. de Villiers 3/9
DAAR WAS NEGE — Mikro 5/6
VERSKRIKKING op OUPLAAS — E. Maritz 6/6
VEGTER BY NAG — Dewald Brink 8/6
GREYLING OP DIE SPOOR — A. J. Hanekom 8/6

*ROMANS:*

DIE DESTERGLOOR — Ella Eloff van der Walt 6/9
ROOIDAG EN AANDGLOOR — Paula 8/6
DIE VERWAAIDE VLAM — L. Behrens 8/6
ERFPLAAS — G. B. S. Pasch 6/9
DIE GROOT VRAAG — T. C. Pienaar 6/6

**DIE**
**C.S.V.-BOEKHANDEL**
**Pleinstraat, Stellenbosch.**
Tel. 133. Posbus 25.

**NUWE BOEKE**

HAND- OF ANDER BOEKE, WAT MOEG IS, SAL ONS VIR U HERSTEL EN NUUT MAAK.

***VERTAAL-BURO,***
***Dorpstraat,***
Foon 486 ***Stellenbosch.***

**Die Plaza**
Foon 0013

**WATERLOO BRIDGE**
ROBERT TAYLOR
VIVIEN LEIGH
*Vrydag en Saterdag,*
*25 en 26 Mei*
Matinee: Saterdag

***Goeie Raad!***

**Daar kom 'n tyd in die lewe van elke mens dat hy iets netjies wil laat druk, al is dit net......**

'n **Visitekaartjie**
'n **Sirkulêr**
'n **Program**
'n **Bloemlesing**
'n **Geleerde Dissertasie**

**of wat ook. Kom reguit na ons. Onr raad is vry—ons werk word gewaarborg.**

***Ons hele Staf is tot u diens!***

**Pro Ecclesia-Drukkery**
**(Edms.) Bpk.**
**Pastoriestraat, Stellenbosch.**

**DIE MATIE**

**Alle Korrespondensie aan:**
**H. S. MARAIS,**
**HOOFREDAKTEUR,**
**Dagbreek.**

**Korrespondensie i.s. Inskrywings aan:**
***Die Matie* Administrasie,**
**Posbus 28,**
**STELLENBOSCH.**
**Inskrywingsgeld 5/- per jaar.**

Deel V. 25 Mei 1945. No. 10.

## *Intervarsity*

MATIES en IKEYS! Aangenaam om weer dié naamsamestelling (of sal ons dit meer waarheidsgetrou naam*kontras* noem) te hoor. Twee jaar lank was die naam Ikeys net in die onaangenaamste verband gebruik. Ons het al gevrees dat dit baie lank sou duur voordat daar weer van 'n Intervarsity-botsing met die Ikeys gepraat sal kan word. Gelukkig het die verwydering van die onaangename rugbygeskille vânjaar weer die voortsetting van die ou Intervarsity-reeks moontlik gemaak.

Vandag is dit weer Maties en Ikeys!

### *Hulde aan Hulle*

Maar die gebruik van die naam Ikey laat ook 'n gevoel van leegheid agter. Ikey is terug, maar 'n ander naam wat intussen beroemdheid verwerf het, wat bewondering afgedwing het, het van die toneel verdwyn. Ons kan nie anders as om by dié geleentheid ons hulde te bring aan daardie groep beginselvaste studente van U.K. wat in die twee jaar wat verby is die roemryke naam APIES gedra het nie.

Dit is moeilik om 'n heldere besef te vorm van wat dié groep studente aan U.K. moes opoffer; maar daar was by hulle geen weifeling nie: *gevolge sou hulle gewilliglik dra, maar 'n beginsel sou hulle nie prysgee nie.*

*Met blydskap is die totstandkoming van die Groote Schuur-span begroet; met verbasing is die prestasies van dié klein groepie waargeneem; met vreugdevolle bewondering is die lieflingspan van Wes-Kaapland aanvaar as die oorwinnaars.*

Vanaf Stellenbosch het die Intervarsitynaam Apies vinnig ingang gevind. Met Fanie van der Spuy en sy veertiental spanmaats as kern het die naam gegroei tot 'n erenaam. Die Groote Schuur-spanne het van die begin getoon dat hulle van die beste staal gemaak was — dat met die oorlogswoelinge op rugbygebied slegs die *room* afgestort het om 'n segeryke twee jaar in die sportgeskiedenis aan te teken. *Daar was die regte staal, daar was die onverbiddelike wil en vasberadenheid om te seëvier — en daarmee was die skitterende prestasies van dié groepie studente reeds 'n voldonge feit.*

Aktiewe ondersteuners uit die Kaapstadse studentegeledere was daar nie te baie nie, maar daar was genoeg. En die ondersteuners was met daardie selfde vuur en geesdrif vervul wat die kenmerk was van die spelers op die veld. Op die pawiljoen met Intervarsity het die klein getal geen afbreuk gedoen aan die vermoë van die Apies om hulle span te inspireer nie, en, wel . . . , baie mense het gesê, die Apies het *tog* die Intervarsity gewen!

Die Apies moes weer plek maak vir die oue. Maar hoewel hulle as aktiewe studentegroep van die toneel verdwyn het, sal die naam voortleef. Daar sal nog baie oor hulle gesels word, baie aan hulle gedink word, baie inspirasie uit hulle optrede geput word.

En mag daardie gees wat die kenmerk was van die twee groot Intervarsities van 1943 en 1944 voortleef in die jare wat kom.

# *Vrede, Vrede (in Europa) en tog is daar geen Vrede*

***„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht, Vergelding, de wet der Historie."***
***— Ten Kate.***

Die verskriklike en alles-verwoestende oorlog wat byna ses jaar gelede oor die mensdom losgebars het, is wat die Europese vasteland betref, beëindig. Die moordwapens swyg en Duitsland en sy Europese bondgenote is op militêre gebied verpletterend verslaan. Die Amerikaners en Britte saam met hulle Russiese bondgenote het 'n beslissende militêre oorwinning behaal. Die geweldige oormag het eindelik geseëvier.

## *Deur Prof. J. A. Wiid*

### HAAT EN WRAAK

Hoewel die bulderende moordtuie in Europa opgehou het om dood en verderf te spoeg, is daar van 'n waarlike Europese vrede nog geen sprake nie. Dit is waar dat die kanonne swyg maar die oorlog word met ander middels en op ander weë verder gevoer. Haat en wraak word vandag op so 'n verkwistende wyse uitgebraak soos die wêreldgeskiedenis nog nie geken het nie. Die oorlog, met moordwapens het plek gemaak vir 'n ander soort oorlog, 'n oorlog waar met subtieler wapens geveg word. Op die nek van 'n oorwonne en magtelose vyand word die ysterhiel van die oorwinnaar gedruk. Nog nooit het die Romeinse *vae victis*, die brute wee-die-oorwonnene-beleid van die oorwinnaar, volmaakter toepassing gevind nie.

As al die haat- en wraak-uitbraaksels waarvan ons daagliks in die koerante lees, in werklikhede omgeskep word, dan gaan die Duitse volk en sy bondgenote voorwaar 'n tragedie sonder weerga in die wêreldgeskiedenis tegemoet: Sy leiers sal as oorlogsmisdadigers voor 'n sogenaamde internasionale regbank verhoor word, sy hoogontwikkelde nywerhede sal in die diens van sy oorwinnaars staan, sy mannekrag sal in die lande van sy oorwinnaars weeropbouwerk moet verrig, groot Duitse gebiede sal by vreemde state ingelyf word en die Duitsland wat oorbly sal in 'n klomp klein staatjies opgesplits word. Voorwaar 'n troostelose toekoms vir die Duitsers as al die haat en wraak van hulle vyande in die daad omgeskep kan word.

Afgesien van sy uitvoerbaarheid al dan nie, is dit moeilik om te glo dat al die haat-en-wraak-dreigemente van vandag werklikhede sal word. Nie alleen sal vredesnugterheid weldra oor oorlogsdolheid seëvier nie, maar onder die oorwinnaars self sal daar waarskynlik gewedywer word om Duitse steun teen 'n Russiese of 'n Angel-Saksiese bondgenoot van vandag maar 'n potensiële Russiese of Angel-Saksiese vyand van môre. Reeds vandag sien Moskou in die Duitse proletariaat 'n toekomstige bondgenoot. Duitsers wat nie tot hierdie proletariaat behoort nie, d.w.s. die Duitse burgerlike klasse en intelligentsia sal moontlik gelikwideer of na Siberië weggevoer word. Die Westerse Geallieerdes sal waarskynlik ook hulle planne met die Duitsers hê hoewel dit lyk of die Russe ook in hierdie opsig verder gevorder het as hulle bondgenote. Dit is moontlik dat veral die Britte in die nie-proletariese Duitsers toekomstige bondgenote teen die Russe sien.

### WAAR DIE WESTE EN DIE OOSTE MEKAAR ONTMOET

Vrede, vrede en daar is geen vrede. Dit is veral waar in die verowerde gebiede waar die Westerse bondgenote hul Oosterse bondgenote ontmoet. 'n Mens kan vandag moeilik die oorsese nuusberigte lees sonder om onder die indruk te kom van 'n geweldige spanning tussen Washington en Londen aan die een kant en Moskou aan die ander kant. Daar bestaan dan ook geen twyfel nie dat die wêreld vandag in die skaduwee van 'n dreigende botsing tussen Rusland en sy bondgenote staan. Ten spyte van die roerende eensgesindheid wat daar by Teheran en Yalta tussen Stalin, Roosevelt en Churchill sou bestaan het, is daar nog altyd 'n legio baie ernstige vraagstukke wat nie alleen nie opgelos is nie maar wat selfs dreigender vorms aangeneem het. Dit is genoeg om Pole, Griekenland, Oostenryk en Duitsland te noem. Op die oomblik sit die Russe op die strategies-belangrike Deense eiland van Bornholm terwyl Stalin se beskermling Tito die belangrikste hawestad aan die Adriatiese See beset het. In Bornholm en Triëst beskik Stalin vandag oor sleutelposisies wat aan die oer-oue Russiese „Drang nach Westen" 'n nuwe en wesentlike betekenis verleen.

Die posisie van Europa en van die wêreld word vandag beheers deur die groot vraagteken of eenstemmigheid tussen Rusland en sy Westerse bondgenote nog moontlik is. Die gebeurtenisse in San Francisco is geen bemoedigende voorteken vir Amerikaanse-Britse-Russiese samewerking nie. Dit kan dan ook betwyfel word of Moskou vrywillig afstand sal doen van al die gebiede wat hy vandag op die Balkan en Sentraal-Europa beset. Kan Engeland en Amerika die Russe laat waar hulle is? Die antwoord op hierdie vraag kan alleen 'n besliste *nee!* wees.

Die posisie van die Russiese Kolos is vandag besonder sterk en dit is waarskynlik dat hy hierdie posisie teenoor sy bondgenote deeglik gaan uitbuit. Sonder Amerikaanse hulp is die militêre posisie van Brittanje teenoor Rusland vry hopeloos. Maar Amerika en Brittanje moet nog met 'n sterk Japanse vyand afreken terwyl die Russiese Kolos sy hande vry het. Die toekoms lyk voorwaar duister. Vrede, vrede en daar is geen vrede!

## **„BYBELGELOOF EN WETENSKAPS-BEOEFENING"**

deur Prof. H. G. Stoker.

Maandagaand, 28 Mei, 7.30 in die C.J.V.-Saal

*Welkom:*

Alle studente van die Natuurwetenskappe, Letterkunde, Wysbegeerte, Sosiale Wetenskappe ens. — Simpatiek of onsimpatiek!

N.B. — Daar sal spesiale tyd vir vrae en besprekings wees!

Ook:

**CALVINISTIESE WYSBEGEERTE IN PERSPEKTIEF**

Dinsdagaand, 29 Mei, 8.5 uur; O[illegible] Leeskamer.

**ALMAL WELKOM!**

## **JUNIORS — AANDAG!**

*Die Junior nie-dansfunksie* sal vanaand om 6-uur op die Jukskei-bane (agter die pawiljoen op Coetzenburg) plaasvind.

**Rook Springbok-Sigarette**

## Wetenskaplike Brokkies

In die bespreking van die elektromagnetiese spektrum gaan ons uit vanaf die gebied aan ons almal baie goed bekend, nl. sigbare lig. Die verskillende kleure lig wat ons ken verskil net in golflengte. Tussen die rooi lig (lang golflengte) en die ultra violet lig (kort golflengte) lê al die tussenkleure lig, met golflengtes tussen genoemde twee uiterstes. Gewone wit lig wat van ons gloeilampie kom, bestaan uit al hierdie kleure. As ons nou egter 'n natriumlig (verkry deur tafelsout in 'n vlam te sit) bestudeer, dan sien ons dat hy net twee golflengtes lig uitstraal wat baie amper dieselfde is en dus ook albei geel is. So straal verskillende molekule, wanneer hulle deur een of ander metode opgewek word, lig uit wat 'n karakteristiek is van die molekuul. Dit vorm dus 'n magtige middel in die hand van die wetenskaplike om die molekuul-strukttuur te bestudeer, selfs van molekule wat nie onder gewone omstandighede bestaan nie maar slegs in die opwekkingsproses gevorm word. Later meer oor die molekuulstruktuur. Wanneer 'n gegewe golflengte lig nou vanaf een medium (sê lug) na 'n ander medium (sê glas) gaan, dan verander die straal sy rigting net by die grens tussen die twee mediums. Ons sê die straal word gebreek. (Dis die rede waarom 'n potlood wat halfpad in water ingedruk is 'n skynbare knak net op die wateroppervlak het). Verskillende kleure verander hulle rigting egter nie dieselfde hoeveelheid nie. Ons het dus hier een metode om lig in sy verskillende golflengtes of kleure op te breek. So word die reënboog gevorm deur die opbreek van gewone wit lig afskomstig van die son deur middel van waterdruppeltjies in die lug. Die fisikus gebruik nou 'n glasprisma om lig in sy kleure op te breek. Die eintlike apparaat wat hy egter gebruik staan bekend as 'n „rooster." Soos die naam nou ook aandui bestaan hierdie wonderlike apparaat uit 'n glas of metaaloppervlak waarop meer as 20,000 lyne op een duim getrek word met 'n diamantpunt. (Geen wonder dat die „eenvoudige" apparaat fantasties duur is nie). Dit mag u interesseer om te weet dat die enigste roosteropstelling in die suidelike halfrond in die plaaslike fisikalaboratorium is...... daar is tewens in die wêreld nie te baie van hulle nie. In die kort rukkie wat die opstelling hier bestaan, is reeds baie bemoedigende resultate verkry, wat baie gunstig vergelyk met die beste. Met behulp van hierdie apparaat word nou, soos reeds aangedui, molekuulstruktuur-navorsing uitgevoer waarby veral in die laaste 30 jaar sulke verrassende vorderings aangeteken is. (Dit mag hier genoem word dat hoewel die rooster self baie klein is, is die opstelling daaraan verbonde massief — die kleinste opstelling beslaan 'n groot „kamer" van 44 vt. deursnit wat 'n groot „kamera" vorm).

*WEET U?*

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**

## DIE HANDSKOEN OPGETEL!

### Tokkelokke en Finalejaars-Medici Slaags!

Dat die Ikeys vasberade is om die hele ou Matieland om te dolwe in hul soek na die verlore Viktorie blyk uit die feit dat hulle 'n uitdaging namens die 6de jaar Mediese studente aan die Tokkelokke gerig het. Hier skyn dit (volgens betroubare-bron berigte) dat „hoe ze dieper poog te delve hoe meer bederf ze ontmoet!" want die Tokkelokke het dadelik die handskoen opgetel en is vasberade om die Ikeys te wys wáár die Viktorie lê!

*Intervarsity* begin om 9.45 Saterdagoggend wanneer die Slagters teen die Tokkelokke op Vanderstel se A-veld (Bergzicht) draf — en die Medici kom in hulle duisende om desnoods in te gryp met gifgas (chloroform!) as hul *operasie* nie slaag nie! Hulle sal wel uitvind dat die Tokkelokke nie sulke mak pasiënte is soos die lewelose modelle waarop hulle geoefen het nie! *Maties kom kyk hoe die pasiënte die dokters kafloop in 'n rugby-operasie.* Dit zij zoo!

### *Conservatorium, Stellenbosch*

*25 en 26 Mei, om 8.15 n.m.*

Die Stellenbosch Universiteit Vroue Vereniging bied aan:
*THE VILLAGE WOOING*
(Bernard Shaw)
en
*ST. SIMEON STYLITES*
(F. Sladen Smith)
Regie: Joyce Burch.
Pryse: 3/- publiek; 2/- studente.
Vry van belasting.

*WELKOM MATIES !*
REFLEX STUDIO
Andringastraat.
DIE STUDENTE-AFNEMER.

FLORA heet u almal baie hartlik welkom op Stellenbosch. Ons is tot u diens om die nooiens en mekaar te verwelkom. Ons stuur blomme uit.
Onthou
Rekreasie-gebou. Pleinstraat.

DIE EIKE KAFÉ
Onder persoonlike toesig van
(Mnr. en Mev. van Zyl)
SIGARETTE en TABAK
SJOKOLADE en GEBAK
VARS VRUGTE
en
GROENTE
LIGTE ETES ALLE URE!
In ruil vir u gewaardeerde ondersteuning waarborg ons u
*DIE BESTE DIENSTE*

Alleen Pakke Klere met die HAND GEMAAK kan u die
ONDERSKEIDING
gee waarna u nog altyd verlang. Klere van aansien—klere wat 'n genot is om te dra, en klere wat 'n man die lekker gevoel en bewustheid gee dat sy klere GOED PAS — DIT is die klere wat gemaak word deur
**Jac. J. du Toit en Kie.**
Ons voorraad stowwe sluit 'n groot keuse in — die nuutste kleure en patrone is uniek in ontwerp.
Ons spesialiseer in Aand- en Manelpakke en Togas vir Predikante. Ook is ons die Offisiële Agente vir die UNIVERSITEITSKLEURE.
Moenie uitstel nie! — Raadpleeg ons eers!
**Jac. J. du Toit en Kie.**
Pleinstraat, STELLENBOSCH.

## „SONOP"-HUISDINEE

Te midde van 'n regte naturelle-atmosfeer het Sonop Vrydagaand, 18 Mei, hulle jaarlikse huisdinee gehou.

Die versiering van die saal het gepas by die toneelopvoering, „O diep rivier, O donker stroom", wat na die dinee bygewoon is. In die voorportaal het 'n vuurtjie aanloklik gegloei en die tradisionele kafferpot was ook teenwoordig. Selfs die slang wat in die opvoering voorgekom het, is nie vergeet nie. Herfsrangskikkings in alwynblare gedoen, het kleur aan die saal verleen.

Ná die opvoering het almal teruggekeer om koffie en pasteitjies te geniet voordat hulle uitmekaar is.

As eregaste het opgetree Dr. Merring en Mej. De Bruyn, Mnr. en Mev. F. Smuts en Dr. en Mev. G. G. Cillie, jnr.

*Mej. Betsie Kamfer*, primaria van Harmonie, het verlede Woensdag haar mondigwording gevier. Sy het 'n klompie maats van die M.A.-klas in Sosiologie onthaal op 'n partytjie aan die woning van mnr. N. J. de W. Pansegrouw. Die aanwesiges waaronder baie tokkelokke van die Kweekskool het dit baie geniet. — Mnr. S. P. Cilliers het die heildronk ingestel.

* * *

Mnr. Bull van Niekerk, bekende oud-Matie en tans mediese student aan U.K., tree as Konvenor van die U.K. Intervarsity-komitee op.

* * *

*Mej. Matty de Beer* van Sonop het verlede Saterdag, 19 Mei, haar mondigwording gesellig saam met 'n paar maats gevier.

MATIES!
Netheid Tel Baie!
Ons Tik- en Afrolwerk sal u help.
VERTAALBURO, Stellenbosch
Dorpstraat, Posbus 180.
(Foon 486)

**Alfred Blommaert,**
(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.
KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -
Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

*Klere van Hoë gehalte teen billike pryse*
J. THERON SMIT
Pleinstraat
STELLENBOSCH

*Die Populêre Studente Haarkappers*
Brink en van Aarde
Pleinstraat

Suikerbossie
Melksalon
Se Bediening is Uitstekend,
Ontmoet Jul Vriende Hier
Om 'n Lekker Koppie Koffie.
Ons pas geopende
BILJARTKAMER
(5 tafels) is die mooiste en netjieste in die W.P.

Foon 94
Santy se
Bottelstoor
*En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies.*

APTEKERS
Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.
JOERNING en SEUN
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

Suid-Afrikaanse
en
Buitelandse
Tydskrifte
Ons hou voorraad van die volgende:
ONS EIE BOEK — 6/- per jaar.
KORT EN GOED — 1/6 per eksemplaar,
KULTUUR en FILMA — 1/- per eksempl[illegible]
READER'S DIGEST — 1/6 per eksem[illegible]
LILLIPUT — 1/3 per eks[illegible]
LONDON OPINION — 1/- per eks[illegible]
STRAND MAGAZINE 1/3 per ek[illegible]
WORLD DIGEST — 1/3 per [illegible]
Ons kan vir u enige oorsese tyd[illegible] inteken. Vra om[illegible] sonderhede[illegible]
PRO ECCLESIA BOEK[illegible]
STELLENBO[illegible]

Rook Springbok-Sigarette

## Hokkie

### MANS

Deur Vloot verlede week met 5 doele teen 1 te klop het ons mansspan weereens bewys dat hulle vanjaar sommer 'n agtermekaarspan het en ook dat hulle groot planne vir môre se botsing het. Hoewel dit 'n taai wedstryd was, het die Matiespan deurgaans 'n besliste meesterskap getoon.

Strassheim het verlede week skielik waar sy vorm van verlede jaar teruggekry en was dwarsdeur 'n uitblinker. Hy en Malan sal Ikeys môre menige benoude oomblik besorg. Dan is daar nog die ou beproefdes soos Jack Uys, N. du Toit, Spyker Steyn, Lambrechts en dr. Hey om die Ikeys te laat sweet.

U.K. het vanjaar egter weer 'n besonder sterk span wat sommer uit die staanspoor puik hokkie gespeel het. Hulle samespel is byna onverbeterlik en dis seker dat die Matiespan op hulle hoede sal moet wees teen manne soos Muller, Toerien en van Niekerk. In die doel sal Pierre Fourie sy hande vol hê, maar hy het reeds sy bekwaamheid getoon en sal môre baie vir sy span beteken.

Môre se botsing beloof dus om die taaiste en hardste wedstryd van die jaar in hokkiekringe te wees, 'n wedstryd wat beslis die moeite werd sal wees om te aanskou. Ons wil nie 'n voorspelling waag nie, maar Ikeys sal beslis moet uithaal as hulle 'n nederlaag wil vermy.

## ONDER ONSIES

*Aandag asseblief!* As enigiemand enige interessante nuusbrokkie vir dié afdeling het, handig dit asseblief in by die Redakteur, Dagbreek 1/16, of by mej. Ceciel du Toit, Monica.

Dr. MARLOTH
**Flora van Suid-Afrika**
Versameling van 16 pragtige
KUNS-AFDRUKKE
teen slegs 27/6 per stel.
—o—
Max Jurisch
NATURAL SINES & COSINES
£1-5-0.
Verkrygbaar by
**R. Müller's**
Musiekhandel
Pleinstraat — Stellenbosch.

Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE
KWV
DRUIWESAP



...ou! *K.W.V.-*
*...le Cologne is 'n*
*...ler aangename*
*...kende parfuum*

# MATIEKANSE OP OORWINNING UITSTEKEND

Nadat ons eerste span twee weke gelede op Nuweland met hulle pragtige oorwinning oor Tuine op so 'n besliste wyse getoon het waartoe hulle in staat is, het ons geskryf dat elke Matie na die groot wedstryd van môre met die volste vertroue sal kan uitsien. En hoe nader daardie Intervarsity van 1945 gekom het, hoe sekerder het ons van die kanse van ons span geword, nie net omdat dit so moet wees omdat ons Maties is nie, maar ook omdat ons seker is dat ons 'n beter span het as die Ikeys.

Maar tog is daar nog altyd hier onderlangs daardie gevoel van twyfel, want dit is mos Intervarsity en 'n mens weet nooit wat kan gebeur nie! As dit waar is van rugby dat 'n mens nooit vooraf met sekerheid kan voorspel wie na 'n wedstryd as oorwinnaars van die veld sal stap nie, dan is dit soveel temeer waar van Intervarsity. Elkeen en almal gooi al wat hy het in die stryd, want dis mos darem nie sommer so 'n dag nie!

Maar tog wil ons die stoute skoene aantrek en sonder meer verklaar dat ons „manne van staal" môre sal sorg vir die roemryke oorwinning. Ons sê dit in die eerste plek op grond daarvan dat die Ikeys ons voorspelers nie in toom sal kan hou nie.

### DIE VOORSPEL

Dat die Matiespan vanjaar oor 'n pak voorspelers beskik soos lank laas, is seker. As hulle weer daardie spel kan lewer waarmee hulle die Tuine-agttal kafgeloop het, sien ons nie hoedat die Ikeyspan hulle op die aanhou sal kan keer nie.

In die vaste skrums het Basson teen Tuine sy bekwaamheid getoon en ons is seker daarvan dat ons agterlyn genoeg van die bal te sien sal kry en dat die Ikey-voorspelers om besit van die bal geklop sal word.

Die krag van die U.K.-voorosse is egter juis in die losspel geleë en ons hoop ons kêrels het nog nie vergeet hoe swaar hulle in daardie noodlottige eerste wedstryd van die seisoen gelewe het, toe hulle in die losspel en in die lynstane gereeld tweede viool moes speel nie. Daarna het ons egter alweer genoeg gesien om te weet dat dit vir die Matiespan heeltemal 'n afdag was en ons voorspelers veral het gewys dat hulle tot baie groter dinge in staat is.

Ons verwag dan ook dat die beslissing van die wedstryd grotendeels sal afhang van die uitslag van die stryd tussen die voorspelers. En o.i. is ons voorspelers ongetwyfeld mans genoeg vir die U.K.-agttal en sal hulle die bal genoeg aan ons agterlyn besorg om 'n Matie-oorwinning te verseker. Die Matie-voorspelers is nie alleen swaarder as die Ikeys nie, maar boonop is hulle nog besonder beweeglik ook en aan spoed ontbreek dit hulle nie. Met die puik samespel wat hulle in die vorige paar wedstryde getoon het, sal hulle hul teenstanders deeglik toets.

### DIE AGTERSPEL

In net so 'n mate as van die voorspel, is dit ook waar dat daar tussen die agterspelers dwarsdeur die wedstryd 'n verbete stryd sal woed. Die Ikeys reken op manne soos Van der Spuy en Malherbe — Al Smith is weens 'n besering nie bskikbaar nie en Van der Walt sal seker ook nog nie kan speel nie — manne wie se bekwaamheid reeds bekend is, maar hulle skakelpaar sal hulle kouse moet optrek. Ons meen juis dat hierin die Maties se groot voorsprong bestaan. Met 'n skakelpaar soos Sennet en Peet van der Walt het verlede week beter daaraan toe, en Oosthuizen en Krone sal seker kanse genoeg kry. Peet van de Walt het verlede week teen Transvaal, en veral in die eerste helfte, skitterend gespeel, en as hy môre nog boonop agter 'n wenpak voorspelers kan speel, kan ons groot dinge van hom verwag.

Op die verdediging blink ons agterlyn altyd uit en ons is seker daarvan dat die slinkse Van der Spuy en die gevaarlike Malherbe geen beweegkans gelaat sal word ne.

### DIE VOORSPRONG

Samevattend kan ons dus sê dat dit lyk asof ons vol vertroue op 'n Matie-oorwinning kan uitsien na môre se wedstryd. Hoewel die spanne besonder goed teen mekaar opweeg, lyk dit tog asof die Maties 'n voorsprong het wat die skakelpare betref en boonop is die kanse goed vir 'n Matie-meesterskap in die stryd om besit van die bal. En dit is ongetwyfeld van die allergrootste belang.

Maar laat ons onthou: dis Intervarsity en enigiets kan gebeur: die sterker span het al dikwels in die verlede die onderspit gedelf in dié geskiedkundige botsing!

G. E. HENDRIKSZ
se viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS,
AARTAPPELREPIES,
SOUTVIS en KIPPERS.

HENDRIKSZ
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

*Nader na die Pale Toe!!*

Ons wens julle alle sukses toe. Dons hul maar goed op. Die uitslag is al klaar 'n voldonge feit, net soos elke Matie en oud-Matie weet dat vir die beste waarde en bediening is daar net een firma en dit is

**Gebrs. De Wet**

wat die Maties al die laaste 50 jaar bedien.

**Gebrs. DE WET**

Foon 20 STELLENBOSCH Bus 21

## Hokkie

### DAMES

Nadat ons eerste damespan verlede week so mooi vertoon het deur die sterk Atlanta-span te klop, kan 'n mens taamlik optimisties wees oor hulle kanse in môre se Intervarstiy-botsing.

Daar sal sonder twyfel môre taai en aanskoulike hokkie te sien wees wanneer die twee spanne bots. U.K. het vanjaar reeds bewys dat hulle soos gewoonlik weer 'n gedugte span het deur al hul wedstryde sover maklik te wen, maar ook ons damespan was reeds vir verskeie goeie vertonings verantwoordelik.

Waar Stellenbosch so dikwels in die verlede die onderspit moes delf, meen ons tog dat hulle môre 'n uitstekende kans het om 'n end te maak aan hulle teenstanders se oorwinningsdrif. Die goeie afrigting en besonder goeie kombinasie van die Ikey-dames het gewoonlik nog die deurslag gegee, maar o.i. hoef die Matiespan vanjaar nie in hierdie opsigte terug te staan vir enige span nie. Daarom het ons goeie hoop vir 'n Matie-oorwinning wanneer die dames môre aanmekaarspring.

## *ONTHOU DIE DATUMS!*

***Tentoonstellings:***

Skilderkuns — Carnegiesaal — 31 Mei tot 2 Junie.

Handearbeid — C.S.V.-saal — 31 Mei tot 2 Junie.

***Pryswennerskonserte:***

Junioraand: Vrydag, 1 Junie — Konservatoriumsaal.

Senioraand: Saterdag, 2 Junie — Stadsaal.

HALDENWANG
•
HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER
•
Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT en probeer ons Koek, Tert, Vleispasteitjies en alles wat lekker is.
•
(Foon 135)

*MATIES!*

Laat ons u bedien met al u apteek benodighede.
—o—
Hou Koers en hou die MATIE REPUTASIE HOOG.........
—o—
'N SUIWER AFRIKAANSE ONDERNEMING
—o—
Die
STELLENBOSCH-APTEEK
(N. C. Hough)
Andringastraat, Stellenbosch.